15 Desember **Skrifgedeelte: Miga 4:8-5:14**
Fokusgedeelte: Miga 5:3,4

Hy sal sy volk lei

Oor tien dae is dit Kersfees. Ons ken die geskiedenis van die wyse manne wat uit die Ooste by Herodes uitgekom het met die vraag: “Waar is Hy wat as Koning van die Jode gebore is?” (Vgl Matt 2:1-7.)
Die priesterhoofde en Skrifgeleerdes kom met die antwoord uit die Skrifgedeelte wat ons vandag gelees het. Miga 5:1 in besonder verwys na Jesus Christus, want Hy word uit die nageslag van Dawid gebore. Ons teksvers wys na die leier wat na vore sal kom, maar dit gaan nie om Hom as sodanig nie. Dit gaan om die krag en die sterkte wat van God kom. Hy is Immanuel – God met ons:
“Hy sal na vore kom en sy volk lei
deur die krag wat die Here hom gee
deur die sterkte van die Naam
van die Here sy God…
Hy sal vrede bring.”
God skenk inderdaad vir elkeen wat in Jesus Christus glo die geloof deur sy Heilige Gees en woon dan in die gelowiges.
Kersfees herinner ons opnuut wat God vir ons gedoen het in Jesus Christus, hoe lief Hy die wêreld gehad het, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het (Joh 3:16).
In hierdie dae voor Kersfees word talle vredesboodskappe gestuur, maar helaas, hulle klink so leeg want hulle het alleen die naam “vrede”. Alleen hulle wat Jesus Christus as die Here aanvaar het, hulle ontvang werklik die vrede wat van God kom.
Meer nog, omdat ons God ken en vir Hom leef, ervaar ons daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan. In Christus Jesus het ons daardie vrede, omdat die God van vrede by ons is.
Sing: Psalm 100:1,2 Ds DF Coetzee (Virginia)